# JUNIOR SECONDARY CERTIFICATE

**AFRIKAANS FIRST LANGUAGE** **1100/4**

PAPER 4 Literature 1 hour 30 minutes

Marks 40 **2019**

Additional Materials: Answer Book

**INSTRUCTIONS AND INFORMATION TO CANDIDATES**

- Write your answers in the Answer Book provided.
- Write your Candidate Number and Name in the spaces provided on the Answer Book.
- Write in dark blue or black pen.
- Do not use correction fluid.

- Answer **one** question from Section **A** and **one** question from Section **B**.

- All questions in each section of this paper carry equal marks.

This document consists of **6** printed pages.

**Republic of Namibia**

**MINISTRY OF EDUCATION, ARTS AND CULTURE**

© MoEAC/DNEA

**Instruksies**

- Beantwoord **twee** vrae, **een** uit elke afdeling.
- Begin elke vraag op ’n skoon bladsy.
- Skryf die nommer van die vraag boaan die antwoord.
- Netjiese en duidelike handskrif sal in jou guns tel.

## AFDELING A

Beantwoord **een** vraag uit hierdie afdeling.

**Junior Verseboek – D.J. Opperman**

**1** Lees die volgende gedig aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Agter tralies – C.M. van den Heever**

Agter bloedbesmeerde tralies lê sy
kop op sterke kloue
en in sy oë brand ’n geel-groen vlam,
sy vel roer bewerig en in sy nek
is vreeslike kragte opgedam,
want in hom is die swarte vlae van die drif
wat alles wil verskeur omdat hy so
verneder is.
In al sy kloue klem die krag en in sy senings
wag daar geveerde ratsheid vir die
dodelike sprong.
Maar voor sy oë hang die donker repe
van die tralies,
en met ’n magtelose woede wat die
dooi beskawing skeur,
gaan sy gebrul die asfaltstrate deur.

*(Uit: Versamelde Werke, deel 10)*

**(a)** In watter plek bevind hierdie dier hom? [2]

**(b)** Hoe weet ons die dier het weerstand gebied in die plek waar hy nou is. [2]

**(c)** Hoekom bewe die dier se nekvel? [2]

**(d)** Watter kleur gebruik die digter om die dier se woede te beskryf. [2]

**(e)** Wat is die funksie van enjambement in reël 5? [2]

**(f)** Die dier voel dat hy verneder is. Hoekom voel hy só? [2]

**(g)** Waarop dui die alliterasie van: "in sy **k**loue **k**lem die **k**rag…" ? [2]

**(h)** Het die dier sy lot aanvaar? Haal 'n versreël aan ter motivering. [2]

**(i)** Wat is die funksie van "Maar" in reël 9? [2]

**(j)** Watter tyd van die dag brul hierdie dier? Haal **twee opeenvolgende** woorde aan uit die gedig. [2]

**[20]**

**OF**

**2** Lees die gedig hieronder noukeurig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**Bitterbessie dagbreek – Ingrid Jonker**

Bitterbessie dagbreek
bitterbessie son
’n spieël het gebreek
tussen my en hom

Soek ek na die grootpad
om daarlangs te draf
oral draai die paadjies
van sy woorde af

Dennebos herinnering
dennebos vergeet
het ek ook verdwaal
trap ek in my leed

Papegaai-bont eggo
kiering kiering my
totdat ek bedroë
weer die koggel kry

Eggo is geen antwoord
antwoord hy alom
bitterbessie dagbreek
bitterbessie son

*(Uit: Versamelde Werke; Perskor)*

**(a)** Bitterbessie in die titel het ’n **tweeledige** betekenis. Verduidelik. [4]

**(b)** Die eerste en derde versreëls is kontrasterend. Verduidelik. [2]

**(c)** Wat bedoel die digter met “’n spieël het gebreek tuseen my en hom”? [2]

**(d)** Haal ’n voorbeeld van ’n metafoor aan uit strofe 2. [2]

**(e)** Haal ’n voorbeeld van alliterasie aan uit strofe 4. Onderstreep die toepaslike klanke. [2]

**(f)** Waarna verwys die woorde “trap ek in my leed” (strofe 3)? [2]

**(g)** Wat is die funksie van die gebroke rym wat in die gedig aangewend word? [2]

**(h)** Noem **twee** maniere waarop die spreker die gevoel van bitterheid na vore bring. [4]

**[20]**

## AFDELING B

Beantwoord **een** vraag uit hierdie Afdeling.

**Japtrap – J.P. en Ria Smuts**

**3** Lees die volgende uittreksel uit die verhaal noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Storm op die berg –** W.A. de Klerk

Dit was Jaco se voorstel dat hul driestuks besluit het om die kort Septembervakansie op 'n bergklimtoer deur die Hexriviergebied te gaan. Die skool- en universiteitsvakansie het hierdie keer saamgeval en dit was dus moontlik. Jaco het in sy twee jaar op universiteit al bekendheid as bergklimmer verwerf en hierdie toer deur die magtige bergreeks tussen Ceres en Worcester was presies waarna hy gesoek het. Toe hulle nog saam op skool was – voordat Jaco Kaap toe vertrek het en Tonie agtergebly het om sy matriek klaar te maak – het hulle drie dikwels saam van Worcester af vertrek en dae lank gaan rondswerf op die hoë grond met sy weergalose spitse en klowe.

Jaco het van die Kaap af geskryf en voorgestel dat hulle Christien ook saamneem – as haar ouers dit sou toelaat. Sy was ook op Worcester op skool: 'n meisie uit die distrik, buitengewoon aantreklik en 'n eersterangse klimmer. Die grense van haar vader se plaas in die Buffelshoek het 'n groot deel van die wonderlike bergwêreld ingesluit. Sy het tussen die hoë spitse grootgeword, hulle leer ken en leer liefkry.

Tonie het onmiddellik Jaco se voorstel verwelkom. Christien saam met hulle op hierdie toer. Wonderlike gedagte!

Hy het dadelik Sanddrif toe gebel en Christien se ouers gepols. Hulle was eers 'n bietjie huiwerig, maar toe Christien eers self van die plan verneem en haar geesdrif geen perke geken het nie, moes hulle maar later swig. Ja, Christien kon saamgaan, het hulle gesê – mits Jaco die leiding aanvaar en alle verantwoordelikheid op hom neem. Vir Jaco, oud-dux van sy skool, uitblinker op alle gebiede, het almal vertrou. Jaco was baie ontwikkeld vir sy ouderdom, 'n verantwoordelike man. Jaco sou sorg dat alles goed afloop.

**(a)** Watter soort verteller is in dié verhaal aan die woord? [2]

**(b)** Wie is die hoofkarakter van hierdie verhaal? Motiveer jou antwoord. [2]

**(c)** Wat het hierdie drie karakters in gemeen? [2]

**(d)** Op watter voorwaarde het Christien se ouers ingestem dat sy mag saamgaan? [2]

**(e)** Hoekom dink jy beskou Tonie dit as 'n wonderlike gedagte dat Christien saamgaan? [2]

**(f)** Watter afleiding kan die leser maak uit die feit dat Jaco voorgestel het dat Christien moet saamgaan? [2]

**(g)** Hoekom is dit ironies dat die ouers gesê het: "Jaco sou sorg dat alles goed afloop"? [2]

**(h)** Gee **twee** verskillende betekenisse van die woord "storm" in die konteks van hierdie verhaal. [2]

**(i)** Beskryf kortliks in jou **eie** woorde hoe hierdie toer toe afgeloop het. [4]

**[20]**

**OF**

**4** Lees die volgende uittreksel aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**My broer se kraai – Chris Barnard**

Ons het hom hoor lag met die wegraak.

Die hok het oopgestaan. Daar net nog van die kraai se vere rondgelê en daar was ’n paar droë bloedspatsels teen die dak. Die stukkie brood in die hok het later verdroog en die drinkbakkie se water het verdamp.

My broer het nie weer by die hok gekom nie. Niemand het weer oor die kraai gepraat nie, dié episode was afgesluit. En tog ook nie afgesluit nie: want die kraai se afwesigheid was aan elke eettafel teenwoordig, in elke gesprek, in elke stilte. Die kraai het deur sy afwesigheid skielik ongekende proporsies aangeneem.

Toe lag daar iemand luidrugtig op die werf.

Die eerste oomblik het ek gedink dis Simon wat vir Vossie koggel, want Vossie die hings het elke oggend oor die onderdeur kom brood bedel. Maar toe word daar weer gelag en die lag word ’n huil – en toe weet ek dis die kraai.

Ek en my broer was gelyk in die kombuis en gelyk op die agterplaas.

Die kraai het kordaat in sy hok gesit – en weer gelag toe hy my broer sien. Maar dit was eers toe ek daardie stywe stappie van hom sien dat ek seker geweet het dis dieselfde kraai.

My broer het net daar gestaan. Sommer net.

**(a)** Waar het hy die kraai oorspronklik gekry? [2]

**(b)** Hoekom was daar bloedspatsels en vere in die hok? [2]

**(c)** Verklaar die volgende teenstrydigheid: “die kraai se afwesigheid was aan elke etenstafel teenwoordig”. [2]

**(d)** Hoekom het die verteller en sy broer buitetoe gehardloop? [2]

**(e)** Watter bewys het die skrywer gehad dat dit die regte kraai was? [2]

**(f)** Watter stylfiguur is daar in “stywe stappie”? [2]

**(g)** Watter progressie was daar in die broer se houding teenoor die kraai? [2]

**(h)** Beskryf kortliks die gebeure ná die kraai se terugkeer na die werf. [4]

**(i)** Watter les kan ’n mens uit hierdie verhaal leer? [2]

**[20]**